Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS NET MY BESTE

19 April 2024 Uitgawe: 3/2/2024

## UIT DIE KANTOOR

**Wesgrow - Truida Kestell**
Graag bedank Tjokkies Mnr. Herman van der Merwe (Hoof) en Hoërskool Fichardtpark vir die gebruik van hul pragtige fasiliteite tydens ons Wesgrow-liga wedstryde verlede Vrydag. Ons het groot waardering as skole kan hande vat om mekaar te help.
Ons ontvang Primêre Skool Jordania op Saterdag 11 Mei. Hierdie wedstryde sal op die gronde van Hoërskool Jim Fouché plaasvind.
Baie dankie aan elke ouer wat hul hulp aangebied het met verkope tydens die Truida Kestell-dag. Ons gaan weer op julle hulp staatmaak tydens die Jordania Sportdag. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om te help.

**Oueraand.**
Baie dankie aan elke ouer wat Dinsdagaand die oueraand bygewoon het. Dit is altyd lekker as ouers en onderwysers kan saamwerk as dit by die opvoeding van ons kinders kom. Ek nooi ouers wat nie die oueraand kon bywoon nie, uit om u kind se klasonderwyser of vakonderwyser te kontak vir 'n afspraak indien u bekommerd is oor u kind se akademiese vordering.

**Kommunikasiekanale**
Die visie van die nuwe Beheerliggaam is om doeltreffende kommunikasie tussen ouers en die skool te bevorder. Om hierdie rede het die skool 'n rits nuwe epos-adresse geskep wat u kan gebruik indien u 'n navraag of klagte onder ons aandag wil bring. Navrae moet asb. opskrif gestel word. Neem asb. die vrymoedigheid om daarvan gebruik te maak. Sien die lys van adresse en komitees aangeheg om u meer leiding te gee.

**Verlore Items**
Met die oorgang van die seisoen, doen ons 'n vriendelike beroep op ouers om asseblief alle klere duidelik te merk. Merk ook asseblief enige sakke, kossakkies en kosblikke duidelik. Gemerkte items kan net makliker aan die eienaar terugbesorg word.
Verder doen ons 'n beroep aan ouers om indien, iets huistoe kom wat nie hulle eiendom is nie óf ander kinders se name ophet, dit dadelik terug skool toe te stuur en inhandig by die kantoor.

# ANDER

Gelukwensing aan die seuns wat vir die onderskeie Vrystaatspanne in Rugby gekies is.

**o/13**

Cullen Keuris
PJ Ferreira
John-Robert O'Reilly
Corné Liversage
Rieghard van Niekerk

**o/12**

Janu de Wet
Hein Nieuwoudt

Sterkte aan Luan Potgieter en Corné Liversage wat die naweek aan die SA Skole Swemkampioenskappe deelneem.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 19 April: | Motheo Netbalproewe (o/12 & o/13) |
| | SA Swemkapioenskappe |
| | Skaakliga (Tjokkies) |
| 22 April: | Rugby/Netballiga vs Onze Rust (weg) |
| 23 April: | Disleksie en Ouerskapstyle praatjie vir ouers (Tjokkies) |
| 25 April: | Rugby/Netballiga |
| 26 April: | Leerders ontvang toetswerk (Gr.4-7) |
| 27 April: | Wesgrow - Rugby/Netbal wedstryde vs Trio Primêr (Kroonstad) |
| | Voortrekker Gebiedskamp |

# VERJAARSDAE

| | |
|---|---|
| 19 April: | Mnr. Simon Nieuwoudt |
| 24 April: | Juf. Louise van Blerk (RO) |



**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres:**
**kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

## #TJOKKIESHOP / KLEREBANK

**Die weeklikse tye van die #Tjokkieshop / klerebank is as volg:**

| | |
|---|---|
| Maandae en Vrydae | 12:30 – 14:00 |
| Woensdae | 07:30 – 8:30 |

## VAN DIE MAMMAS WAT BID

"Die **gebed** van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking."
JAKOBUS 5:16 NLV

"**Bid**, en vir julle sal gegee word..."  MATTHÉÜS 7:7 AFR53

"**Bid** sonder ophou."  I THESSALONISENSE 5:17 AFR53

"As my volk wat my Naam dra, hulleself verneder en hulle **bid**......dan sal Ek...."
2 Kronieke 7:14 ABA

Gebed is kragtig omdat ons ons gebede aan 'n kragtige God rig! Gebed is die toerusting wat God ons gee vir ALLES wat ons nodig het en om die onmoontlike te sien gebeur. Ons lees dat selfs Jesus (beide God en mens) het baie male afgesonder om te bid. God nooi ons uit om te bid.

"Daarom moet ons nie bang wees om tot God te bid nie, God wat op sy troon sit, God wat genadig is. Ons moet na Hom toe gaan sodat Hy jammer kan wees vir ons en genadig kan wees vir ons, en sodat Hy vir ons kan help wanneer ons Hom nodig het."
Hebreërs 4:16 ABA

Kom ons doen dit!






## 📚 Wêreldboekedag 📚

23 April is Wêreldboekedag!

Kom betower ons met julle kreatiwiteit op **Vrydag, 26 April**, deur aan te trek soos jou gunsteling boekkarakter.

Alhoewel Rooikappie, Gouelokkies en die Die 3 Beertjies na aan ons harte lê, is ons spesifiek opsoek na nuwe karakters! Dus sal boekkarakters uit LAPA- en Penguin-boeke voorkeur geniet in hierdie kompetisie.

Jou inskrywingsfooi is 'n tweedehandse boek wat geskenk sal word vir ons liefdadigheidsprojek van hierdie kwartaal.

So, is jy so slim soos Professor Fungus of wens jy dat jou hare ook krul soos Prinses Pampoenpit s'n? Kom verras ons!

Volg gerus die skakel vir meer inligting en reëls rakende die kompetisie:

https://www.lapa.co.za/wereldboekedagkompetisie



Fluit-fluit ons storie is uit!

# SNUFFELS


Langenhovenpark
GEMEENTE
Kermis
1 Mei 2024
8:00 – 12:00
Kom geniet goeie vermaak en
heerlike eetgoed
Gaskunstenaar Zak Steyn
Tjokkies Pom Poms


KUIER-AAND
MET
GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-SUID
DERRICH GARDNER EN DESIRE GARDNER
as MAGDA LOUW
Datum: 3 Mei 2024
Tyd: 18:00
Plek: Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid,
Hoek van Lilac– en Wildealslaan, Gardeniapark
Koste: R 250 per persoon (Sluit ligte ete in)
Vir besprekings kontak
Mariaan by 081 894 0115
* Hekke open reeds om 17:30 *



# AUTO SERVICES
# REPAIR & MAINTENANCE

## AFFORDABLE RELIABLE AND QUICK AUTO SERVICES OFFERED

## BLOEMFONTEIN LANGENHOVEN PARK

### Routine Maintenance Services

- Oil changes
- Tire rotations
- Wheel alignments
- Brake inspections and repairs
- Battery checks and replacements
- Transmission services
- Engine tune-ups
- Air conditioning services

### Complete Diagnostic Services

- Computerized engine analysis
- Check light engine diagnosis
- Fuel system diagnostics
- Electrical system diagnostics
- Performance analysis

### Repair and Replacement Services

- Engine repairs and replacements
- Transmission repairs and replacements
- Suspension and steering repairs
- Electrical system repairs
- Exhaust system repairs and replacements

Schedule an appointment at

**TONIE** **GEORGE**

**082 5775 042 OR 083 6722 942**

And let us take care of all your auto needs!

**WE COLLECT YOUR VEHICLE AT HOME, PLACE OF WORK,OR WHERE YOU SPECIFY AND DELIVER IT BACK**


Hettie Brittz
KWEEK KINDERS
MET KARAKTER
BOEKTOER
BLOEMFONTEIN
DATUM: 13 MEI 2024
TYD: 17:00-18:30
PLEK: TJOKKIES SKOOL
KAARTJIE KOSTE: R50 PP
odette@re-generation.co.za | 073 230 1649
KWEEK KINDERS MET KARAKTER
Verstaan en geniet jou kind se Godgegewe persoonlikheid
HETTIE BRITTZ